# DIE BETEKENIS VAN DIE GROOT TREK (1).

KAAPSTAD.
B-PROGRAM.
20 Sept., 1937.

Deur

Dr H.B. THOM.

Dames en Here,

In die drukte en gedrang van die hedendaagse lewe het ons nie dikwels die geleentheid en die geneigdheid om by die gebeurtenisse van ons verlede stil te staan nie. Dit is egter nodig om dit soms te doen omdat dit ~~wis~~ ons omgewing beter leer verstaan en ons vaster aan ons Vaderland bind, sodat ons daardeur beter Afrikaners gemaak word.

U sal my gelyk gee dat die Groot Trek in die volheid en verskeidenheid van die historiese gebeure in Suid-Afrika ongetwyfeld een van die vernaamste gebeurtenisse is. Trouens, in die negentiende eeu - waarin die Trek voorgekom het - het ons land waarskynlik geen belangriker en histories gewigtiger gebeurtenis beleef nie.

Sedert die Trek het daar nou reeds 'n eeu verloop. Dit ~~wis~~ is vanjaar reeds honderd jaar gelede dat Piet Retief sy beroemde manifes aan die Kaapse Regering gerig het: in duidelike, wel-oorwoë bewoording, maar tewens met kragtige welsprekendheid verduidelik hy hierin waarom die Trekkers die KaapKolonie vaarwel sê. Die stuk is so treffend en so opreg dat dit voorwaar die politieke geloofsbelydenis van die Trekker genoem kan word. Tweeens is dit honderd jaar gelede dat die Eerste Grondwet van Retief by Winburg opgestel is, en dat Retief op sy noodlottige tog na Dingaan gegaan het. U sien ons staan deser dae in die Eeufees van die Groot Trek, en tereg word dit aan alle kante gedenk.

In hierdie tyd ~~bestaan~~ betaam dit ons om by die historiese betekenis van die groot gebeurtenis stil te staan; daaruit moet blyk hoedat ons land deur die Trek beinvloed is en wat ons daaraan te danke het. Met die oorsake en die verloop van die Trek wil ek my nie besighou nie. Dit lê buite die bestek van die onderhawige onderwerp en kan buitedien in verskeie werke oor ons geskiedenis nagelees word. ~~My ty~~

My doel is slegs om die betekenis in hooflyne te skets, d.w.s. die betekenis op ekonomiese gebied, op staatkundig gebied en op maatskaplie-kulturele gebied.

Dit spreek byna vanself dat 'n mens met die ekonomiese betekenis moet begin, want hier het ons met die onmiddellike, die stoflike belange van die mens te doen, m.a.w. met sy alledaagse aktiwiteite om in sy behoeftes te voorsien. In hierdie eerste praatjie kan ons nou kortliks daarop let. Toe die Groot Trek begin het, was die Kaapkolonie deur en deur landbouland. In die weste, begunstig deur taamlik gereelde winterreens, het ons die akkerboustreek. Graanbou en vrugteteelt, en insonderheid wynbou, vorm hier die vernaamste bedrywe. In die jare 1835 tot 1838 bedra die gemiddelde waarde van die wynuitvoer jaarliks reeds byna £100,000. Die res van die Kolonie, en vernaamlik die uitgestrekte binnelande, was egter 'n gebied vir die veeteelt. Die veeteelt het juis in hierdie tyd veel meer winsgewend geword weens die vinnige toename van die merinoboerdery. In die middellandse en oostelike distrikte, waar die klimaat geskik is en goeie weivelde voorhande is, het die merino vinnig populariteit verwerf. In 1836 voer die Kolonie wol ter waarde £26,000 uit, waaruit blyk dat die artikel toe reeds 'n noemenswaardige bron van inkomste geword het.

Dit was die toestand toe duisende Trekkers die land verlaat het. Hulle was mense van 'n goeie klas en het op ekonomiese gebied uitstekende produktiewe kragte uitgemaak. Dit lê dus voor die hand dat die vertrek van sulke mense vir die Kolonie 'n verlies aan handel en opbrengs beteken het.

Met enkele uitsonderings was hulle boere, wat hoofsaaklik uit die oostelike distrikte afkomstig was. Dit is dus nie die akkerbou van die westelike distrikte wat gely het nie, maar wel die opkomende en vinnig groeiende veeteelt van die oostelike distrikte. Die ou Kaapse dokumente getuig oorvloedig hiervan. Neem b.v. die Blouboek van die Kaapkolonie vir die jaar 1837 waarin daar o.a. mededelings oor die bevolking en opbrengste van die verskil-

lende distrikte in dié jaar gedoen word. Die boerdery bedrywe van Cradock en Somerset-Oos word daarin genoem, maar, word daar bygevoeg, "A large number of the farmers have however now migrated" By Graaff-Reinet - die distrik wat die meeste Voortrekkers opgelewer het - lees ons: "The productions of this district have been greatly diminished by the emigration of many hundreds of its inhabihants to the countries beyond the boundaries of the Colony, amongst them being a large number of graziers who have taken their stock with them".

Gelykluidende opmerkings vind ons by hierdie distrikte in 1838., en by Graaf-Reinet ook nog in 1838. 1839

Sommige van die Trekkers het hulle grond vir 'n appel en 'n ei van die hand gesit, terwyl andere hulle plase eenvoudig verlaat het.

Die onmiddelike uitwerking van die Groot Trek op ekonomiese toestande in die Kaap Kolonie was dus bepaald ongunstig. Dit dien egter bygesê te word dat die Kolonie binne 'n paar jaar weer van die gevolge van sy verlies herstel het, wat veral aan die merinoboerdery toegeskryf moet word, aangesien dit besonder winsgewend gebly het en dus tot herstel van die pryse van goeie veeplase gevoer het.

Die ekonomiese betekenis van die Trek moet egter nie slegs in terme van die onmiddelike uitwerking op die Kaapkolonie gesien word nie. 'n Mens moet ook die uitwerking bepaal met betrekking tot die gebiede wat die Trekkers gaan beset het.

Dit is 'n bekende feit dat daar onder die inboorlingstamme, wat hulle vóór die Groot Trek in hierdie gebiede bevind het, gedurige onderlinge twiste, ja, selfs meedoënlose vernietigingsoorloë voorgekom het. Só erg was dit dat die Trekkers b.v. vanaf die midde-Vrystaat tot aan die Soutpansberge net hier en daar klompies inboorlinge teengekom het; deur die verwoestende Matabele-impi's van Moselekatse was die ontsaglike gebied byna heeltemal ontvolk. In die huidige Natal het weer die geweld van die Soeloes gesé-vier eers Chaka en toe Dingaan. Die Soeloes het hier met 'n harde hand geregeer en vir ander Kafferstamme was daar geen veiligheid nie. Slegs in moeilik toeganklike berge en bosse kon ander stamme vrees-

-bevange 'n onaerslewe voer. Kortom, growwe barbarisme het in hiedi streke geheers, sodat die swakkere met lewe en hawe aan die genade van die sterkere oorgelewer was.

Sulke omstandighede bied natuurlik geen ruimte vir 'n sistematiese ontwikkeling van ekonomiese bedrywighede nie. Hiertoe was die inboorlinge in elke geval ook nie in staat nie, want selfs die grootste en vernaamste stamme het nog nie meer gepresteer as slegs 'n primitiewe veeweiding en 'n regeerbaar geringe mate van akker-bou nie.

Die uitgestrekte streke waar hierdie toestande geheers het, het die trekkers binne vyftien jaar vir die ekonomiese bedrywe van die blankes gewen het. Die bedrywe waarmee hulle hulle in die Kaap-Kolonie besig gehou het, het hulle met hulle meegeneem en in die nuwe gebiede voortgesit. Weldra maak sistematiese boerdery, sowel landbou as veeteelt, hier opgang. Op die golwende grasvlaktes van die Vrystaat asook op die Hoogland van Natal wei groot troppe skape, en daaronder ook reeds baie mofskape wat die boere met hulle uit die Kolonie gebring het. Soos ons gesien het, het die boere reeds in die Kolonie met die merinoboerdery kennisgemaak, en waar hulle hierdie kennis nou met hulle saamgeneem het en ook teeltmateriaal voor hande gehad het, kon hul met die wolskaapboerdery in hulle nuwe tuiste voortgaan. Dit is dus aan die Trek te danke dat hierdie winsgewende meer gevorderde en meer gespesialiseerde tipe van veeboerdery binne korte tyd oor 'n baie groot gebied versprei is. Die grootste gedeelte van Transvaal het weer meer 'n gebied vir grootvee geword, omdat geografiese toestande daar oor die algemeen meer bevorderlik vir grootvee-boerdery as vir kleinvee-boerdery is. Wat [illegible] bedrywe in die Trekkergebiede betref, was dit eers en veral die veeboerdery wat opgang gemaak het.

Maar tog het die akkerbou nie agterweë gebly nie, al is dit dan ook op 'n veel meer kleiner skaal toegepas. Weer plaaslike toestan

gunstig is, is dit ter hand geneem en het dit meegehelp om die nodige voedingsmiddele voort te bring. Voorlopig het die produksie natuurlik net vir die lokale gebruik geskied, omdat daar nog nie vinnige en doeltreffende verkeersmiddele was om akkerbouprodukte ekonomies oor lang afstande te vervoer nie. Die akkerbou is in elk geval ook een van die middele deur die Voortrekkers aangewend om hulle land te ontgin en tot ontwikkeling te bring.

Dit is 'n interessante feit dat Vrystaatse pioneers met geregverdigde trots reeds in 1855 verteenwoordigende monsters van hul wol na Kaapstad gestuur het, ten einde enige vooroordeel teen hul produkte uit die weg te ruim en 'n betroubare mark te verower. Hierin het ons 'n veelseggende aanduiding van die ekonomiese vooruitgang in die Trekkerland.

Hierdie aspek van die Groot Trek se betekenis, nl. dat enorme nuwe gebiede vir sistematiese en doelbewuste ontginning deur blankes geopen is, en dit binne 'n baie kort tydsbestek, is haas nie te oorskat nie. Dit kom daarop neer dat die deel van Suidelik Afrika, wat op ekonomiese gebied die belange van die blankes en die blanke beskawing gedien het, as gevolg van die Trek binne 'n paar jaar verdubbel is.

Hieruit volg reeds dat die Groot Trek vir Suid-Afrika as geheel ekonomiese voordele meegebring het. Maar daarvoor is daar ook nog verdere stawing. Die Kaapkolonie het gou van die tydelike terugslag herstel, en daarby kom daar al spoedig meer en meer produkte uit die Trekkergebiede. Produkte vir uitvoer word uit Kaapstad, Port-Elizabeth en Durban verskeep, terwyl ook invoergoedere vir die binnelandse geweste hoofsaaklik deur hierdie hawens gegaan het. Dit beteken groter bedrywigheid in die hawens, en gepaard gaande daarmee welkome inkomste vir die Kaapkolonie en Natal uit hawesregte en belastings. Die opkoms van inter-gewestelike handel in Suid-Afrika en die vermeerdering van die handel met die buiteland het weer 'n weldadige uitwerking op verkeerswese gehad, enersyds verkeer in Suid-Afrika en andersyds verkeer met die buiteland.

'N Mens kon nog verder gaan; 'n mens kon beweer dat dit aan die Trek toeken skryf is dat die minerale rykdomme van ons land speedig bekend geword het, maar dit sou ons veels te veel op die terrein van verwyderde en indirekte gevolge bring.

Uit wat gesê is, sal dit reeds genoegsaam duidelik wees dat die Trek, alhoewel dit aanvanklik vir die Kolonie 'n ekonomiese verlies beteken het, tog op stoflike gebied 'n nuwe en groter S.-Afrika geskep het wat ook in die handel met die buiteland veel meer kon beteken.

Dit, dames en here, is een sy van die betekenis van die Voortrekkers se werk. Hulle werk was 'n moeilike werk wat sware offers van hulle geverg het, maar die offers het hulle in belang van Suid-Afrika en in belang van die nageslag gebring. Wat hulle op ander gebiede in ons land se geskiedenis beteken het, wil ek by die volgende geleenthede graag behandel.

---